LONE : VERSKIL TUSSEN KLOKWERKER EN SALARISWERKER

Die verskil tussen 'n Klokwerker en 'n Salariswerker kan kortliks soos volg opgesom word:

'n Klokwerker is 'n werker wat daagliks (of uurliks) in- en uitklok en wat slegs betaal word vir die werklike ure gewerk. Dit kan op een van twee maniere geskied wat vooraf aan sy werker-profiel gekoppel word:

1. Hy kry 'n vaste loon waarby oortyd getel en korttyd afgetrek word (hierdie ure word vanaf die bywoningsrekords ingetrek); of
2. Hy kry 'n uurtarief wat vooraf bepaal word. Minimum uurtariewe vir verskillende besigheidsektore word voorgeskryf deur die Departement van Arbeid.

'n Salariswerker kan ook volgens twee metodes betaal word:

1. Hy kry 'n vaste loon en oortyd/korttyd indien van toepassing. Hierdie ure word op die betaalstrokie met die hand ingelees.
2. Hy kry 'n uurtarief wat vooraf bepaal word. Die ure word met die hand op die betaalstrokie ingelees.

'n Salariswerker hoef nie noodwendig in en uit te klok nie, maar indien sy bewegings gemonitor wil word, is die opsie beskikbaar vir hom om te klok, maar sal betaling nie volgens hierdie klokbewegings bepaal word nie.

Die Klokwerker en Salariswerker se aanstellingsprofiel verskil dus in die volgende opsigte:

KLOKWERKER

1. Aanstelling onder Diensgeskiedenis: Klokwerker
2. Vasgestelde tydprogram
3. Bywoningsrekords bepaal ure waarvoor die werker vergoed word
4. Omskakeling baie belangrik

SALARISWERKER (werker se naam word in pienk gemerk op die personeellys)

1. Aanstelling onder Diensgeskiedenis: Salariswerker
2. Geen tydprogram
3. Bywoningsrekords / klokbewegings het geen impak op vergoeding nie
4. Omskakeling nie van toepassing nie tensy u verkies om die werker ook te laat klok.